**FEBRUARIE TEMA: God se verlossingstroos realiseer in die Evangelies**

Sondag **18 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8**

**Fokusgedeelte: Johannes 15:5**

**Die verhouding tussen Jesus en sy kerk is ’n lewende verhouding**

In hierdie gedeelte is Jesus besig om deur middel van ’n beeld met sy volgelinge te praat oor die verhouding tussen Hom en sy volgelinge. Sy dood is ’n paar ure weg ...! ’n Gebeurtenis wat vir sy volgelinge verwarring en onsekerheid kon inhou in ’n vyandige wêreld waar Jesus se volgelinge haat kon verwag. Dan troos Jesus hulle met hierdie beeld dat hulle niks te vrees het nie.

- In die beeld stel Jesus Homself as die ware, die egte wingerdstok voor. In die Ou Testament word die wingerdstok as beeld van Israel gebruik, maar dan altyd om na Israel as *“volk van God in verval”* te verwys*. Jesus is egter die ware, wingerdstok van die ware Israel*. Hy sou aanstons in volkome gehoorsaamheid aan sy Vader, wat hier as die tuinier voorgestel word, ware lewe bring deurdat Hy Homself as versoeningsoffer op die altaar sou plaas.
- Vir wie sou sy offer ware lewe bring? Hulle wat deur die werk van die Heilige Gees met die band van die geloof op Jesus as die ware wingerdstok ingeënt word. Uit Jesus kry hulle dan die lewensap wat vir hulle tot nuwe lewe strek.
- Hulle wat as lote in Jesus bly, sal vrugte dra – hulle lewens sal vertoon dat hulle in ’n hegte verhouding met Jesus lewe!
- Die wat nie vrugte dra nie, word afgesny om te verdroog en verbrand te word. Dit is interessant dat die Tuinier self hierdie lote afsny. In vers 3 word die woorde van Jesus as die “snoeiskêr” beskryf.
- In soverre die volgelinge die boodskap van Jesus verkondig, is hulle eintlik besig om snoeiwerk vir God te doen: reg te snoei of weg te snoei.
- Die wat dan die woorde aanneem, sal deur hulle dade God sigbaar hou op aarde. Hulle sal Hom liefhê en dank omdat hulle aan Hom behoort. Hulle sal uit sy hand lewe!
- En niks sal hulle uit God se hand kan ruk nie!

Is jou lewe in Jesus as jou lewenstam geanker?

*Sing: Skrifberyming 1-1:7*

*Ds. AB (Braam) van der Walt (Plett/Knysna)*